

8 November 2020

Hoërskool Kategese

Josua 24:1-3, 14-25



wat wil jy vandag bereik?

Ons geloof bepaal ons keuses en gedrag.
Ons geloof word gevorm deur ons ervarings van God se teenwoordigheid en sorg in ons lewens.
Josua wil die Israeliete help om hieroor te dink.
Dit gee ons ook kans om vir onself hieroor te dink.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

*Geloof gaan nie net oor die woorde wat ons sê nie,
maar veral die keuses wat ons maak.*

Gesels gerus oor hierdie aanhaling.
Is dit waar?
Daag dit jou uit?

word stil

Neem 'n paar minute en laat elkeen terugdink oor hulle lewens.

Waar en wanneer was jy bewus van God se teenwoordigheid en sorg vir jou?

GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Josua 24:1-3, 14-25 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees –
kyk veral na die mooi vertalings van hierdie gedeelte in The
Message en die Nuwe Lewende Vertaling



gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

Josua herinner die volk aan hoe God vir hulle gesorg het veral met die inname van die beloofde land Kanaän.

Kyk of julle kan sien watter voorbeelde gebruik Josua? Veral in vers 3-13.

God se sorg van die verlede vra nou van die Israeliete 'n keuse oor die toekoms.
Gaan hulle God voluit vertrou en volg.

Josua probeer optree as 'n voorbeeld. Hoe doen hy dit? (vers 15)

God is heilig (vers 19) daarom verwag Hy dat Sy kinders Hom alleen sal kies en Hom voluit sal volg.

God dwing niemand nie. Hulle moes self kies wat hulle wou doen.

Watter keuse het die Israeliete gemaak?

As ons terugkyk oor ons lewe - kan ons ook sien waar en hoe God vir ons gesorg het.
Mens kan God se krag so raaksien.

Daarom weet ons God is getrou, Hy sorg vir ons.

God is vandag dieslefde as in Josua 24, Hy is Heilig.

Vertrou en volg jy vir God voluit?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef
in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Jesus gee ons 'n idee van wat dit beteken om God voluit te volg en te vertrou. Hy sê: *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.*

Wat kan jy/ julle doen om dit wat Jesus hier vra nog beter reg te kry?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom
waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Maak 'n lys van woorde wat jy gehoor het en nie verstaan het nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?

Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding

